

NUUSBRIEF

September 2025

Kliëntedienssentrum

021 808 2753

sun-e-hr@sun.ac.zasurf.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE

1. Voorsittersverslag
2. Finansiële state
3. Fondsbeleggings
4. Fondsadministrasieplatform / AF Connect
5. Voltooiing van begunstigdebemoeringsvorm
6. Maak seker daar word na jou geliefdes omgesien:
 - o Omskrywing van gade en kind
 - o Ongeskiktheidsdekking vir gades
7. Groter kuberseiligheid vir SURF
8. Reëlwyssing
9. Vroeë toegang tot aftreespaargeld: die jongste oor die "tweepot-stelsel"
10. Finansiële advies
11. Diensverskaffers van die Fonds

1. Voorsittersverslag

Beleggingsmarkte was in 2025 wisselvallig, weens onsekerheid rondom tariewe en die moontlike impak daarvan op wêreldhandel. Die Beleggingssubkomitee werk steeds proaktief om geleenthede te identifiseer met die doel om oor die lang termyn die beste resultate vir Fondslede te behaal.

Die Beleggingssubkomitee se werk behels onder meer 'n ontleding van die sukses van beleggingsbesluite, en oorweging van beleggings wat nie volgens verwagting presteer het nie. Om goeie beleggingsopbrengste te behaal, verg 'n aanvaarbare vlak van risiko en die insluiting van nuwe idees by die beleggingsportefeulje. Die Beleggingssubkomitee het goed daarin geslaag, terwyl risiko bestuur is deur portefeuljes goed te diversifiseer.

Die Fonds het weereens 'n ongekwalifiseerde ouditverslag vir die 7 maande tydperk tot 31 Desember 2024 ontvang. Die Raad spreek graag sy dank uit teenoor die administrasiespan vir hul harde werk om vir die oudit voor te berei.

In hierdie nuusbriëf herinner ons lede aan die lewens- en ongeskiktheidsdekking vir gades en hoe belangrik dit is om 'n benoemingsvorm vir groeplewensdekking in te vul. Ons beklemtoon ook die impak van onttrekkings uit die

tweepot-spaarkomponent op lede se aftreekapitaal.

Die Fonds onderskryf die vereistes van die Gesamentlike Standaard oor Kuberseiligheid en Kuberseerkragtigheid. Ons gee 'n oorsig van die werk wat in hierdie verband gedoen word.

Ten slotte sê ek graag dankie aan die lidverkose trustees vir hul onbaatsugtige en waardevolle diens aan die Fonds oor die afgelope drie jaar. Soos ons die verkiesing van lidtrustees teen die einde van 2025 nader, word Fondslede herinner dat dit 'n baie groot verantwoordelikheid is om as 'n trustee te dien, die Fonds te verteenwoordig en in lede se beste belang op te tree.

Vriendelike groete

Prof Niel Krige
Voorsitter



2. Finansiële state

Die geouditeerde finansiële state vir die 7 maande tydperk geëindig 31 Desember 2024 is aan die Oudit- en Risikobestuursubkomitee van die Raad van Trustees voorgelê. Die Fonds se eksterne ouditeure, Ernst & Young, het 'n ongekwalifiseerde auditverslag uitgereik. Die Raad het op aanbeveling van die Oudit- en Risikobestuursubkomitee die finansiële state goedgekeur en die state op 27 Junie 2025 by die Gedragsowerheid van die Finansiële Sektor (FSCA) ingedien.

Die volgende stel finansiële jaarstate sal vir die tydperk tot 31 Desember 2025 opgestel word en PricewaterhouseCoopers is as eksterne ouditeure vir daardie audit aangestel.

3. Fondsbeleggings

Terugblik op die jaar tot dusver

Warren Buffett het eenkeer gesê: "In die sakewêreld is die truspieëltjie altyd duideliker as die voorruit." Dit is maklik om vorige beleggingsopbrengste te verduidelik. Om egter die rigting waarin beleggingsmarkte gaan beweeg akkuraat te voorspel, is bitter moeilik. Wanneer ons in die truspieëltjie kyk, moet ons fokus op gebeure wat verras het, omdat dit dikwels insigte oor die toekoms gee. Hier's 'n voorbeeld: Op 2 April 2025 het die Trump-administrasie hul sogenaamde "Bevrydingsdag"-tariewe aangekondig. Dit het groot konsternasie in beleggingsmarkte veroorsaak en in die sewe dae ná die aankondiging het die S&P 500 Indeks met meer as 12% geval. Markkommentators het artikels begin skryf waarin voorspel is dat die Amerikaanse ekonomie heel moontlik binnekort in 'n resessie gedompel kan word. Teen einde April 2025 het die S&P 500 egter feitlik al sy verliese ingehaal en die maand minder as 1% laer afgesluit.

Wat het dan hier gebeur? Grootliks twee dinge.

Eerstens het die Amerikaanse Tesourie se langtermyn-rentekoerse skerp gestyg. Omrede die VS 'n swaar skuld las het, maak hoër rentekoerse dit vir die regering duurder om geld te leen, wat 'n negatiewe uitkoms is. Die markreaksie het veroorsaak dat President Trump die implementering van die voorgestelde tariewe met 90 dae uitgestel het, wat meer tyd sal toelaat om op 'n tariefbedeling ooreen te kom.

Die belangrike insig hier is dat die Amerikaanse effektemarkte waarskynlik 'n baie belangrike veiligheidsnet sal wees teen die uiterstes van die Trump-administrasie – baie min markkommentators het dit voorspel.

Tweedens het die Amerikaanse aandelemark en die Amerikaanse ekonomie twee baie verskillende dinge geword. Die Amerikaanse aandelemark word oorheers deur groot tegnologiemaatskappye soos Nvidia, Microsoft, Alphabet (Google), Meta (Facebook) en Amazon. Hierdie maatskappye lewer noodsaaklike dienste en die vraag na hul produkte bly dus sterk, selfs al kry die Amerikaanse ekonomie die wind van voor. Baie markkommentators fokus steeds op hoe die Amerikaanse ekonomie kan vaar, maar dit het 'n baie kleiner impak op beleggingsopbrengste, as die samestelling van die Amerikaanse mark in ag geneem word.

Aan die plaaslike front het Suid-Afrikaanse aandele en effekte baie goed presteer. Hierdie uitkoms was nie daaraan toe te skryf dat die Suid-Afrikaanse ekonomie skielik heelwat beter gevaar het nie. Dit was eerder heelwat slegte nuus wat in die mark verreken is, en die katalisator vir 'n meer positiewe vooruitsig was die vorming en samestelling van die Regering van Nasionale Eenheid (RNE). Voorts beskou die mark die groter deelname van die privaatsektor in die ekonomie as 'n positiewe ontwikkeling.

Negatiewe verrassings is egter altyd moontlik, en daarom is dit wys om voorbereid te wees op sulke gebeure. Dis waarom die Fonds steeds sowat 45% van die Groeiportefeulje in die buiteland belê.

Die prestasie van die Fonds se portefeuljes (na aftrekking van fooie) oor metingstydperke tot 30 Junie 2025 word in die volgende afdeling toegelig. Nader inligting is beskikbaar in die portefeuljes se feiteblaaie, wat op die Fonds se webwerf (surf.sun.ac.za) gelees kan word.




Groeiportefeulje

Die primêre beleggingsdoelwit van die Groeiportefeulje is om opbrengste te behaal wat oor 'n metingstydperk van vyf jaar minstens in die topkwartiel van opbrengste met betrekking tot die "Internasionale Gebalanseerde" portuurgroep is, soos verteenwoordig deur al die internasionale gebalanseerde fondsbestuurders in Suid-Afrika.

Die sekondêre doelwit van die Groeiportefeulje is om 'n reële opbrengs van 5% p.j. (na aftrekking van alle koste) oor deurlopende vyfjaar-metingstydperke te behaal. Die portefeulje sal dus altyd 'n blootstelling van 70% tot 85% aan die aandelemark hê, wat beteken dat die prestasie van die portefeulje aan markwisselvalligheid blootgestel sal wees. Die portefeulje sluit die Raad se besluit in om die maksimum toelaatbare toewysing van 45% aan die buiteland te hê en 5% in ongenoteerde Suid-Afrikaanse infrastruktuur te belê, om lede aan meer beleggingsidees blootstelling te gee. 'n Internasionale portefeulje is ook veerkragtiger as 'n plaaslike portefeulje.

Groeiportefeulje se opbrengste (na aftrekking van fooie)




Die volgorde van data op die horisontale as van die grafiek is ietwat ongewoon, omdat dit met die 10-jaaropbrengs begin en met die 1-jaaropbrengs eindig. Die rede hiervoor is dat lede op die langertermyn-opbrengste behoort te fokus. Die portefeulje het oor die afgelope 10 jaar 'n jaarlikse opbrengs van 5.1% bo inflasie gelever, en oor die afgelope vyf jaar 'n jaarlikse opbrengs van 8.3% bo inflasie. Dit is 'n positiewe uitkoms en billike beloning vir die risiko wat aanvaar is.

Aggressiewe Absolute Opbrengsportefeulje

Die Aggressiewe Absolute Opbrengsportefeulje se primêre beleggingsdoelwit is om 'n reële opbrengs van 6% p.j. (na aftrekking van fooie) oor deurlopende driejaar-tydperke te behaal, en die sekondêre doelwit is om 'n kapitaalverlies oor enige 24-maandetydperk te vermy. Soos die naam aandui, is hierdie portefeulje bedoel om effens meer aggressief te wees as die Groeiportefeulje. Die portefeulje het 'n prestasiegeskiedenis van 8 jaar en 5 maande en het ondanks moeilike marktoestande uitstekend gevaar, soos die grafiek hieronder illustreer.

Aggressiewe Absolute Opbrengsportefeulje se opbrengste (na aftrekking van fooie)




Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeulje

Die Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeulje se primêre beleggingsdoelwit is om 'n reële opbrengs van 3% p.j. (na aftrekking van fooie) oor deurlopende driejaar-tydperke te behaal, en die sekondêre doelwit is om 'n kapitaalverlies oor enige 12-maandetydperk te vermy.

Hierdie portefeulje handhaaf 'n blootstelling van 35% tot 45% aan die aandelemark en is geskik vir lede met 'n korter tydhorison en 'n laer aptyt vir risiko en wisselvalligheid van opbrengste. Die grafiek hieronder toon die prestasie van die portefeulje (na aftrekking van fooie) in vergelyking met inflasie. Die portefeulje het oor alle metingstydperke sterk presteer.

Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeulje se opbrengste (na aftrekking van fooie)




Die slim leser sal oplet dat die volgorde van die opbrengste op die konvensionele wyse aangedui word, met die kortste termyn eerste. Dit is omdat die portefeulje geskik is vir lede met 'n korter beleggingshorison, soos hierbo genoem. Die Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeulje het oor die afgelope drie jaar 'n opbrengs van 7.2% p.j. behaal en dus sy prestasiedoelwit gemaklik bereik.

Shari'ah-portefeulje

Die portefeulje het 'n blootstelling van 60% tot 70% aan aandelemarkte en word ooreenkomstig Shari'ah-wette bestuur.

Shari'ah-portefeulje se opbrengste (na aftrekking van fooie)




Kapitaalbeskermingsportefeulje

Die beleggingsdoelwit van die Kapitaalbeskermingsportefeulje is om 'n reële opbrengs van 1.5% p.j. (na aftrekking van fooie) oor enige 12-maandetydperk te behaal. Die bereiking van hierdie doelwit is sterk gekoppel aan die navolging van 'n reële rentekoers-regime deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank. Die portefeulje streef ook om die STeFI Saamgestelde Indeks met 0.75% p.j. (na aftrekking van fooie) te oortref.

Die portefeulje het 'n toewysing van 85% aan 'n geldmarkfonds met 'n gewone geldstrategie, en redelik onlangs is 15% aan 'n inflasiegegekoppelde inkomstefonds toegewys.

Die grafiek hieronder toon die prestasie van die portefeulje (na aftrekking van fooie) in vergelyking met inflasie. Die portefeulje het oor alle metingstydperke reële opbrengste behaal, en oor die afgelope jaar baie goed gevaar, met 'n reële opbrengs van 6.4%.

Kapitaalbeskermingsportefeulje se opbrengste (na aftrekking van fooie)



4. Fondsadministrasieplatform / AF Connect

Na die oorskakeling vanaf Sanlam na die Alexforbes-administrasieplatform verlede jaar, het die span onverpoosd gewerk om die aanvangsprobleme uit die weg te ruim wat gewoonlik met 'n platformverandering van hierdie omvang gepaardgaan.

Voordeelstate wat risikovoordere toelig, is op lidrekords gelaai en kan aanlyn gelees word. Lede word aangemoedig om op die AF Connect-aanlynfasiliteit te registreer om hul inligting te sien. [Klik hier](#) om toegang te kry tot AF Connect.

Hou ook die platform dop vir nuwe funksionaliteite wat bekend gestel sal word, soos die volgende:

- Intydse voordeelstate wat 'n oorsig gee van die gevestigde, aftree- en spaarpotte.
- Risikovoordere wat op die skermoorsig verskyn
- 'n Selfoontoep (app).

Neem asseblief kennis dat die Sanlam-portaal nou vir lede gesluit is. Toegang tot jou Fondsinligting is nou beskikbaar via AF Connect. As jy nog nie geregistreer het nie, klik asseblief op die skakel hierbo om dit te doen.

5. Voltooiing van begunstigdebeneemingsvorm

Die AF Connect-platform gee jou die funksionaliteit om 'n aanlyn begunstigdebeneemingsvorm in te vul. Die Universiteit Stellenbosch se sun-e-HR-werknemerportaal is egter die primêre bron van beneemingsvorms vir aktiewe werknemers, en daarom word alle aktiewe lede aangeraai om eerder hul besonderhede op die US-portaal op datum te hou. Dit sal verseker dat ons jou gereeld kan herinner om jou begunstigdebeneemings op datum te bring.

Jy kan hierdie vorm maklik voltooi deur jou selfhelp-funksionaliteit op die sun-e-HR-portaal te gebruik. Kontak Menslike Hulpbronne se kliëntedienssentrum by +27 (0)21 808 2753 / sun-e-hr@sun.ac.za vir meer inligting oor hoe om jou begunstigdebeneemingsvorm op datum te bring.



Dit is belangrik dat jy jou begunstigdebeneemingsvorm bywerk wanneer daar ook al 'n lewensveranderende gebeurtenis plaasvind – soos egskedding, die geboorte/aanneming van 'n kind of die dood van 'n beneemde.

Wat nie-goedgekeurde groeplewensversekeringsdekking betref: Indien die oorlede lid nie 'n begunstigde beneem het nie, of waar die beneeming ongeldig is, moet die versekeraar die voordeel aan die oorlede lid se boedel betaal. Dit is nie ideaal nie, omdat begunstigdes dan die lang en duur proses moet deurmaak om die bestorwe boedel by die Meester van die Hoë Hof aan te meld vir bereddering. Dit sluit die aanstelling van 'n eksekuteur in, wat 'n distribusierekening sal moet opstel en dit moet adverteer en ter insae beskikbaar moet stel. Hierdie uitgerekte proses kan vermy word indien lede hul begunstigdes duidelik identifiseer deur die beneemingsvorm in te vul.

6. Maak seker daar word na jou geliefdes omgesien:

Gade- en kinderpensioene

As jy 'n enkellid is wat nie 'n gade en/of kwalifiserende kinders* het nie, kan jy kies om nie SURF se gade- en kinderpensioendeckking te kry nie. [Klik hier](#) vir die vorm om die opsie om te onttrek uit te oefen.

Indien jy die opsie uitoefen om geen versekerde sterftevoordeel te hê nie, en later trou en/of kwalifiserende kinders het, sal jy binne drie maande na die lewensgebeurtenis SURF se versekerde sterftevoordeel moet kies om te verseker dat daar na jou gade en/of kwalifiserende kinders se behoeftes omgesien word indien jy te sterwe kom. Indien jy nalaat om die sterftevoordeel te kies nadat jy getroud is en/of 'n kind het, en te sterwe kom, sal jou gade en/of kinders nie die gade- en kinderpensioene ontvang nie en in 'n kwesbare posisie gelaat word.

Kontak Menslike Hulpbronne se kliëntedienssentrum by +27 (0)21 808 2753 / sun-e-hr@sun.ac.za vir meer inligting oor hoe om ná 'n lewensgebeurtenis hierdie dekking te kry.

* [Klik hier](#) om die Voordeelbeleid te lees, wat die omskrywings van kwalifiserende gade en kind insluit.

Omskrywing van gade en kind

Gade:

- 'n Persoon wat as wettig getroud erken word soos beskryf in die Wet op Burgerlike Verbintenisse of die Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike, of deur enige Asiatiese godsdiens van die lid.
- 'n Persoon wat minstens ses maande lank met 'n ander persoon saamwoon en (na gelang van die feite in elke spesifieke geval) redelikerwys as 'n lewensmaat in 'n permanente saamwoonverhouding erken kan word.

Let wel: Ander situasies as dié wat hierbo beskryf word, kan aan die versekeraar voorgelê word vir oorweging. Die versekeraar moet oortuig wees dat die lewensmaat as 'n gade kwalifiseer.

Kind:

'n Ongetroude persoon wat jonger as 18 is en ten tyde van jou dood van jou afhanklik was, insluitend 'n wettig aangenome kind, stiefkind of kind ten opsigte van wie wettige voogdyskap verkry is. Die trustees kan instem dat die ouderdomsbepערking van 18 na 25 verhoog word in die geval van heeltydse studente. Indien die kind om mediese redes geheel en al van jou afhanklik was, kan die ouderdomsbepערking heeltemal geskrap word.

Ongeskiktheidsdekking vir gades

Lede wat gadedekking het, sal daarvan bewus wees dat die polis 'n enkelbedrag van twee keer die lid se jaarlikse pensioengewende salaris uitbetaal indien die lid se gade te sterwe kom.

Iets waarvan nie alle lede bewus is nie, is dat daar ook 'n ongeskiktheidsvoordeel van twee keer jaarlikse pensioengewende salaris aan die polis gekoppel is. Indien jou gade voor ouderdom 60 permanent ongeskik raak weens siekte of 'n ongeluk, kan 'n eis by die versekeraar ingedien word. Die versekeraar sal dan bepaal of die siekte of besering tot permanente ongeskiktheid gelei het. Dit is belangrik om kennis te neem dat hierdie besluit nie by die werkgewer nie, maar by die versekeraar berus. Indien die versekeraar die ongeskiktheidsvoordeel goedkeur, sal dit as 'n "versnelde sterftevoordeel" uitbetaal word – d.i. 'n vervroegde betaling van die gadedekking.

7. Groter kuberseiligheid vir SURF

Gesamentlike Standaard 2 van 2024 oor Kuberseiligheid en Kuberseilkragtigheid, wat deur die FSCA en die Omsigtigheidsowerheid uitgereik is, het op 1 Junie 2025 in werking getree. Die Gesamentlike Standaard gee 'n oorsig van minimum vereistes ten opsigte van kuberseiligheid en kuberseilkragtigheid vir finansiële instellings (insluitend aftreefondse) in Suid-Afrika. Die Gesamentlike Standaard is daarop gemik om die finansiële sektor se kuberbeskerming te verhoog en te verseker dat instellings gereed is om op kuberaanvalle te reageer en daarvan te herstel.

Die Raad werk aktief om voldoening aan die Gesamentlike Standaard te verseker en te sorg dat robuuste kuberseiligheidsmaatreëls in plek is om jou spaarfonds en persoonlike inligting te beskerm, en ook die Fonds beter in staat te stel om potensiele kubervoorvalle vooruit te loop, te weerstaan, daarop te reageer en daarvan te herstel. SURF het verskeie diensverskaffers, waaronder 'n administrateur, 'n versekeraar van risikovooredele, beleggingsbestuurders en ouditeure. Die Raad sal hierdie diensverskaffers versoek om oortuigende bewys te lewer dat hulle toereikende beskermingsmaatreëls ten opsigte van kuberseiligheid en kuberseilkragtigheid in plek het.

Kuberseiligheid is 'n deurlopende proses en ons sal jou op hoogte hou van vordering hiermee. Indien 'n kubervoorval plaasvind, sal dit by die owerhede aangemeld word en geaffekteerde lede sal in kennis gestel word van die kubervoorval, die impak daarvan en die regstellende stappe wat gedoen sal word.

Hier is 'n paar wenke vir oorweging om jouself teen kuberbedreigings te beskerm:

- Skep sterk wagwoorde.
- Verander gereeld jou wagwoorde.
- Moenie wagwoorde bekend maak nie.
- Gebruik multifaktor-verifikasie vir ekstra beskerming.
- Wees versigtig vir verdagte e-posse en boodskappe.
- Verifieer versoeke om inligting.
- Raak vertrouwd met uitvissingstaktieke ("phishing tactics").



8. Reëlwysiging

Die volgende reëlwysigings is sedert die vorige nuusbriëf geregistreer.

- **Wysiging 8:** Lede wat voor 1 Januarie 2022 by die Fonds aangesluit het en tans 10% of meer bydra, kan sedert 1 Januarie 2025 nie bydraekoerse onder 10% kies nie. Die outomatiese jaarlikse verhoging van 2.5% in die bydraes van lede wat tans minder as 15% bydra, sal steeds geld. Lede sal gedurende die eerste drie maande van die jaar die keuse hê om terug te gaan na hul bestaande bydraekoers. Indien 'n lid wat tans 5% of 7.5% bydra nie binne die eerste drie maande van die jaar besluit om na hul bestaande bydraekoers terug te gaan nie, sal die lid nie in die volgende jaar die keuse hê om hul bydraekoers tot minder as hul bestaande koers te verlaag nie.
- **Wysiging 9:** Die trustee-termyn word vanaf einde 2025 van 3 na 5 jaar verleng vir nuut verkose lidtrustees en nuut aangestelde/heraangestelde werkgewertrustees. Hierdie wysiging is aangebring met die oog op die komende verkiesing van lidtrustees later vanjaar.

9. Vroeë toegang tot aftreespaargeld: die jongste oor die “tweepot-stelsel”

Hoekom jy toegang tot jou aftreespaarpot versigtig moet benader:

- **Impak op jou aftreespaargeld**
Indien jy onttrekkings uit jou spaarpot aangaan, sal jy minder geld hê wanneer jy aftree, en dit kan jou leefstyl en finansiële sekuriteit gedurende aftrede beïnvloed. In die vorige nuusbriëf ([klik hier](#)) is voorbeelde gegee van die impak wat sulke onttrekkings kan hê.
- **Belasting- en administratiewe implikasies**
Die bedrag wat jy onttrek, sal deel wees van jou belasbare inkomste vir die belastingjaar, en sal dienooreenkomstig belas word. Enige ander belastingbedrag wat jy aan die SA Inkomstediens verskuldig is, sal van die spaarpot-onttrekkingsvoordeel afgetrek word voordat dit aan jou uitbetaal word. Jy sal ook 'n administrasiefooi op die onttrekkingsvoordeel moet betaal. Jy kan dus minder geld kry as wat jy verwag het, of selfs geen uitbetaling nie.
- **Langtermyn-beleggingsgroei**
As jy voor aftrede onttrekkings uit jou spaarpot aangaan, beteken dit jy gaan die kragtige uitwerking van saamgestelde rente op jou aftreespaargeld misloop. Jy kry saamgestelde groei wanneer die verdienste op 'n belegging by die oorspronklike belegging gevoeg word, en jy daarop ook rente verdien. Hierdie proses genereer meer opbrengste op die aanvanklike belegging, met vinniger groei oor die lang termyn.
- **Hou die volgende in gedagte met jou aftreespaargeld:**
 - Onttrekkings uit jou spaarpot behoort net in tye van finansiële nood oorweeg te word.
 - Oorweeg dit om addisionele vrywillige bydraes te lewer.
 - Begin vroeg spaar.
 - Gesels met 'n gesertifiseerde finansiële adviseur indien jy onseker is.
 - Bewaar jou aftreespaargeld wanneer jy van werk verander.
 - Moenie die krag van saamgestelde beleggingsopbrengste onderskat nie.
 - Oorweeg die belastingimplikasies voordat jy 'n onttrekking aangaan.
 - Hou by jou langtermyn-beleggingsplan.

10. Finansiële advies

Ons herinner jou dat SURF 'n gratis finansiële adviesdiens aan lede bied. Lede van 53 en ouer het toegang tot hierdie diens. Veral lede wat vroeë aftrede oorweeg en individuele beleggingskeuses wil uitoefen, word aangemoedig om hierdie adviesdiens te benut.

Die paneel van voorkeurdiensverskaffers bestaan uit:

Alexforbes Finansiële Beplanningskonsultante:

+27 (0) 21 809 3750 | wesselsw@alexforbes.com

Finfocus:

+27 (0) 21 861 7000 | usafadvies@finfocus.co.za

Graviton:

+27 (0) 21 883 9192 | arissik@gravitonwm.com

Momentum Consult:

+27 (0) 86 177 7750 | mc.theart@consultm.co.za

Sanlam Finansiële Advies:

+27 (0) 83 375 9831 | hanliew@sanlam4u.co.za

SURF sal vir twee konsultasies by een van die voorkeurdienverskaffers betaal.

Die eerste konsultasie kan enige tyd vanaf ouderdom 53 gereël word, en die tweede een in die 12 maande voor aftrede.

Dis maklik om die voordeel te gebruik – volg net hierdie stappe:

1. Kies 'n diensverskaffer.
2. Kontak die MH Kliëntedienssentrum (+27 21 808 2753 | sun-e-hr@sun.ac.za) om 'n konsultasiekoepon te kry.
3. Maak 'n afspraak met jou gekose diensverskaffer en neem die koepon saam as bewys dat jy die diens mag gebruik.

Wees ook op die uitkyk vir die volgende voorleggings wat jaarliks plaasvind:

- ❖ Voorlegging aan lede van 53 jaar en ouer.

11. Diensverskaffers van die Fonds

Die volgende diensverskaffers is deur die Raad aangestel om met die bestuur van die Fonds te help.

Hul pligte word hieronder uiteengesit:

Diensverskaffer	Diens	Funksies wat verrig word
Simeka Konsultante & Aktuarisse	Voordeel- en aktuariële advies	• Advies oor die Fonds se voordeelstruktuur en veranderinge in wetgewing. • Hulp met kommunikasie aan lede. • Hulp met die nakoming van korporatiewe bestuurstoesig. • Opstel van 'n jaarlikse aktuariële waardasie om die finansiële gesondheid van die Fonds te bepaal.
Willis Towers Watson	Beleggingsadvies	• Advies oor die Fonds se beleggingstrategie. • Bystand met die keuring en evaluering van beleggingsbestuurders.
Alexforbes	Fondsadministrasie	• Maandelikse elektroniese vaslegging van bydraes. • Oorplasing en onttrekking van fondse na en vanaf die batebestuurders • Betaling van eise. • Uitreiking van voordeelstate. • Daaglikse boekhouding, en opstel van die finansiële jaarstate.
Standard Bank	Bankiers	• Alle Fondstransaksies vloei deur die Fonds se bankrekening.
Sanlam	Versekeraar	• Versekering van die sterftevoordeel (gade- en kinderdekking) soos omskryf in die Fondsreëls.
Sygnia, Allan Gray, Coronation, Ninety One, Sanlam, Old Mutual, Stanlib	Batebestuurders	• Bestuur van die beleggings van die Fonds volgens die mandate waaroor met die Raad ooreengekom is.
PricewaterhouseCoopers	Auditeure	• Doen eksterne oudits.

Kontak asseblief ons Kliëntedienssentrum indien jy enige vrae het.
Die kontakbesonderhede is as volg:
Tel: 021 808 2753 or
email: sun-e-hr@sun.ac.za